Was Andrew Murray (Jnr) 'n entrepreneur? Montagu Murray, Wellington, Februarie 2019

1. Inleiding

My kollega Christiaan Pauw, is 'n nasaat van Jacobus Cornelis Pauw wat 32 jaar saam met Andrew Murray (Jnr) in Wellington gewerk het. Christiaan herinner my graag daaraan dat Andrew Murray glo vir sy groot oupa Pauw ernstig vermaan het om sy sondige pyprook gewoonte te los. Oupa Pauw het volgens oorlewering geantwoord: "Los my uit, ek rook my pyp tot eer en verheerliking van die Here."

Ek kon nie die versoeking weerstaan om Christiaan te vra of hy nie dink Oupa Andrew Murray het tog 'n punt beet gehad nie. Veral as 'n mens al die genetiese defekte in ag neem wat die rook in latere geslagte na vore gebring het.

Maar die tema van hierdie aanbieding is nie of rook sonde is of nie – die vraag is: Was Dr Andrew Murray (Jnr) 'n entrepreneur?

2. Is die tema 'n anakronisme?

U mag dalk intuitief aanvoel dat die vraag 'n anachronisme kan wees. Anders gestel: is die term "entrepreneur" enigsens 'n gepaste term om met Andrew Murray in verband te bring? Is dit nie miskien net so uitplek as om te vra of Andrew Murray dit geniet het om op sy selfoon te praat nie? In die geval van die selfoon besef 'n mens intuitief die toestel het nie bestaan in die negentiende eeu nie. Hoewel entrepreneurskap nie soos 'n selfoon na 'n toestel verwys nie, is die wêrelde van Andrew Murray en van vandag so verskillend dat 'n mens tereg sou kan vra of dit enigsens 'n nuttige onderneming is om te vra of hy 'n entrepreneur was?

3. Definisie van entrepreneur

Een hedendaagse perspektief op entrepreneurskap is om dit te definieer as die (i) kapasiteit en bereidheid om 'n besigheidsonderneming te ontwikkel, (ii) te organiseer en te bestuur om wins te maak, (iii) te midde van die risiko's daaraan verbonde.[1]

Daar is egter ook heelwat interessante pogings om die gees of karakter van entrepreneurs te verstaan. Fauchart en Gruber sê byvoorbeeld dat 'n

---

[1] The capacity and willingness to develop, organize and manage a business venture along with any of its risks in order to make a profit. See http://www.businessdictionary.com/definition/entrepreneurship.html accessed on 9 December 2018.

entrepreneur se handelinge belaai is met betekenis juis omdat dit ‘n uitdrukking is van sy of haar identiteit en self-interpretasie.[2] In ‘n artikel wat in die Academy of Management Journal verskyn gebruik hulle sosiale identiteitsteorie om verskillende tipes entrepreneurs se grondmotiewe beter te verstaan. Die artikel het die interessante titel: "Darwinians, Communitarians, and Missionaries: The Role of Founder Identify in Entrepreneurship”.

Volgens hulle analise fokus Darwiniste op kompetisie met ander firmas en word hulle gedryf deur ekonomiese selfbelang. Kommunitariers sien hulle firmas as instansies wat ‘n spesifieke gemeenskap se belange ondersteun en ook deur ander rolspelers binne daardie gemeenskap ondersteun word. Sendelinge sien hulle firmas as politieke instellings wat ‘n spesifieke visie of doelstelling tot voordeel van die samelewing bevorder.

Sonder om sosiale identiteitsteorie as die enigste hermeneutiese sleutel tot die verkenning van hierdie tema te gebruik, meen ek dit kan tog nuttig wees om ondersoek in te stel na enkele invloede op Andrew Murray (Jnr) in die vorming van sy identiteit. Daar is al heelwat navorsing gedoen oor die vormingsjare van Andrew Murray senior en junior waarvan vertellings in die boekie “Unto Children’s Children, die biografie oor die lewe van Andrew Murray deur J du Plessis en die studie oor John Murray deur PB van der Watt enkele voorbeelde is. Een van die heel interessantste boekies is vir my: Young Mrs Murray goes to Bloemfontein saamgestel deur Joyce Murray, wat briewe bevat van Andrew se vrou, Emma Rutherfoord. Die briewe van Emma gee ‘n “binnekyk” van hoe dit in die Murray huishouding gegaan het. Die briewe is eerlik en sonder pretensie en in die mooiste Engels geskryf.

Daar word vervolgens gekyk na die vormende invloede op Murray veral met die verwysing na aspekte wat met ‘n gees van entrepreneurskap geassosieer sou kan word. Dit sluit in:

(1) die bereidheid om risiko te loop

(2) die visie om nuwe ondernemings aan te pak, en

(3) die doelstelling om wins te maak sodat die ondernemings kan uitbrei.

---

[2] Fauchart, E; Gruber, M. (2011). "Darwinians, Communitarians, and Missionaries: The Role of Founder Identify in Entrepreneurship". Academy of Management Journal. 54 (5): 935–957. doi:10.5465/amj.2009.0211.

4. Bereidheid om risiko te loop

Die grondslag in die vorming van Andrew Murray Jnr se identiteit is in sy ouerhuis gelê, waar hy die eerste 10 jaar van sy kinderlewe gebly het. Dit is welbekend dat hy op 10 jarige ouderdom saam met sy ouer broer John na Scotland vertrek het om vanuit die ouerhuis van Andrew (Sr) se broer John Murray (dus Andrew Jnr se oom) in Skotland te studeer. Maar hoe het dit gekom dat Andrew Murray (Sr) en sy vrou besluit het om die twee jong seuns, John en Andrew (Jnr) op 'n skip te sit na Europa om daar te gaan studeer? Andrew Murray (Sr) was immers goed vertroud met die risiko's wat 'n bootreis na Europa sou behels. In sy dagboek wat hy gehou het toe hy in 1822 na Suid-Afrika gekom het, lees ons hoe die skip herhaaldelik in stormagtige toestande beland het en eenkeer was dit byna neusie verby toe die boot op die rotste geloop het. Die angswekkende ervaringe moes nog vars in Andrew (Snr) se geheue gewees het.[3]

Die besluit van Andrew (Snr) en sy vrou, Maria Stegmann, om die seuns vir opleiding oorsee te stuur was 'n weldeurdagte keuse waarin beide ouers se geloofsverstaan en agtergrond 'n rol moes gespeel het. Dit is merkwaardig hoe ver terug akademiese opleiding in altwee ouers se familiegeskiedenis nagespeur kan word.

Andrew Murray (Snr) se oupa was Andrew Murray van Lofthills wat getroud was met Isabella Henderson. Haar familie kon glo haar herkoms aantoon van Alexander Henderson, 'n belangrike grondlegger van die gereformeerde kerk in Skotland. Hy het in 1603 by die Universiteit van St Andrews sy graad ontvang en is in 1610 daar aangestel as professor van retoriek en filosofie.[4] Dit is moeilik om te bepaal presies hoe die belang van opleiding aan die nageslag gekommunikeer is. Dit is wel opvallend dat beide Andrew Murray (Snr) en sy broer John goeie opleiding ontvang het in Skotland, selfs ten spyte daarvan dat hulle pa, Andrew Murray van Clatt, vroeg oorlede is en hulle gesin finansieel gesukkel het. 'n Verdere aspek wat opval is dat Andrew Murray van Clatt voor sy dood van beroep moes verander. Hy het sy skaapboerdery opgegee en meulenaar geword. Hoewel Andrew Murray (Sr) te klein was om sy pa werklik te ken moes hy by sy familie gehoor het van hierdie vroeë geskiedenis en

---

[3] Du Plessis, pp. 22-27.

[4] "Henderson, Alexander" . In Chisholm, Hugh. Encyclopædia Britannica. 13 (11th ed.). Cambridge University Press. pp. 266–267. See also https://en.wikisource.org/wiki/1911_Encyclop%C3%A6dia_Britannica/Henderson,_Alexander accessed 2 February 2019.

werksverandering. Andrew Murray (Snr) het hierdie geskiedenis van blootstelling aan hoë kwaliteit onderwys voorgesit deur sy twee seuns John en Andrew (Jnr) op vroee ouderdom na Skotland te stuur.

Die blootstelling aan akademiese opleiding kom egter nie net van vaderskant nie, maar word ook in die moeder se familiegeskiedenis waargeneem. Twee jaar na sy aankoms in Suid-Afrika, in 1824 het Murray (Snr) na Kaapstad gereis waar hy die jong meisie, Maria Susanna Stegmann, ontmoet het.[5] Hy het 'n jaar later met haar getrou toe sy nog maar 16 jaar oud was en sy het dus nie op daardie jong ouderdom na-skoolse opleiding gehad nie. Daar word wel vertel hoeveel moeite Murray (Snr) gedoen het om haar aan akademiese leesstof bekend te stel. Maria Stegmann was 'n nasaat van 'n bekende Hugenoot, Paul Roux, wat in 1688 uit Frankryk na Suid-Afrika gekom het na die herroeping van die Edik van Nantes. Paul Roux het as Franse voorleser en skoolmeester aan die Kaap opgetree en sy Franse taalkennis is hoog aangeskryf.[6]

Andrew (Jnr) en sy broer John moes 'n groot deel van hulle kinderlewe weg van hulle ouers grootword juis omdat hulle ouers gevoel het die risiko om die seuns te stuur vir opleiding moet aanvaar word. Die bereidheid om risiko te loop en die onbekende in te vaar, is voortgesit deur Andrew (Jnr) toe hy as jong predikant vanuit Bloemfontein tientalle gevaarlike reise aangedurf het om die Voortrekkers in die binneland as dominee te bedien.[7]

Die bereidheid om risiko te loop, word voorafgegaan deur sekere visie. Die visie byvoorbeeld dat die Murray-seuns opleiding moet ontvang, of die visie dat die voortrekkers bedien moet word. Die verwysing na die Murray familie-geskiedenis beklemtoon dat 'n visie nie net 'n produk is van 'n individuele impuls of gewaarwording nie, dit ook gevorm en beinvloed deur oorgelewerde waardes binne gesins- en familieverband.

5. Visie om nuwe ondernemings aan te pak

By beide Andrew Murray (Snr) en (Jnr) sou 'n mens die bereidheid tot risiko eerder verbind met 'n geartikuleerde roepingbelewenis, as met 'n soeke na avontuur of 'n algemene voorliefde vir die onbekende of 'n strewe om geld te

---

[5] Du Plessis, p. 29.

[6] This article was produced by South African History Online on 31-Jan-2012, D'Assonville The angle of incidence of Paul Roux's catechism - A STUDY ON THE THEOLOGY OF A FRENCH REFUGEE AT THE CAPE.

[7] Du Plessis, pp. 84-192.

maak. Uit Andrew Murray (Snr) se briewe aan sy seuns kan ‘n mens aflei hoe sy besluit om hulle te stuur vir opleiding verweef was met sy geloofservaring. Hy skryf aan sy twee seuns oorsee dat hulle altyd moet onthou dat hy hulle daarheen gestuur het vir hulle eie belang. “Julle weet,” skryf hy verder, “dat God my tot my amp en werk hier aangestel het. Julle weet ook dat, indien my liefde vir julle sou gemaak het dat ek julle hier hou, julle nooit die selfde sou sien en weet wat julle nou het en weet nie.[8]

Hy vermaan sy seuns verder in ‘n brief van 23 April 1845 voor hulle vertrek vir studies na Utrecht in Nederland dat hulle versigtig moet wees watter beskouinge hulle van studente en professore in Nederland hulle eie maak. Julle moet julle deur die Gees laat lei, skryf hy, en oppas vir Schiedammer (dit is Jenever / Gyn) en die rook van tabak of sigare. Onthaal eerder julle vriende met die uitstekende tee en koffie wat daar in Holland te kry is.[9]

Andrew Murray (Snr) se vrome vermaning aan sy seuns herinner aan die beskrywing wat die sosioloog Max Weber gee oor die gees van asketisme wat hy in die bestudering van sekere Protestantse Puriteine waarneem. Hy skryf dat dit ‘n tyd weerspieel waarin die geestelike wêreld alles beteken het en waarin die Christelike dissipline en prediking ‘n invloed uitgeoefen het wat ‘n moderne mens glad nie by magte is om te verstaan nie.[10]

Weber is bekend vir die verband wat hy lê tussen “asketisme” en wat hy noem die “gees van moderne kapitalisme”. Weber onderskei tussen moderne en opportunistiese kapitalisme. Opportunistiese kapitalisme het nog altyd

---

[8] Vgl: “Ik vertrouw nochtans dat gij altijd onthouden zult, dat dit plaastgevonden heft in uw eigen belang. Gij weet dat God mij tot mijn ambt en werk alhier heft aangesteld. Gij weet ook dat, indien mijn liefde tot u mij bewogen had u hier te houden, gij nooit de helft zoudt hebben gezien of geweten van wat gij tans bezit en weet. Het zal nochtans onder de zegen Gods veel van u afhangen, of al dan niet de stap, die wij gedaan hebben, tot uw wezenlijk geluk in dit leven en het aanstaande zal medewerken…”(Du Plesis p. 43).

[9] Vgl. “Uit de mond der studenten (en zelfs der professoren) zult gij wellicht beschouwingen over theologiese zaken horen, die u verschrikken zullen; doch weest voorzichtig hoe gij ze aanneemt, door welke grote namen of aantal namen zij ook ondersteund mogen worden….Door het onderzoek van de Bijbel en van uw eigene harten zult gij, daar twijfel ik niet aan, onder de bestiering van de gezegende Geest, in alle waarheid worden geleid. Er is een gevaar waaraan u de omgang met anderen blootstellen zal, end at is het gebruik van Schiedammer (alias jenever) en water, en het roken van takbak of cigaren. Weerstaat toch deze beide afschuwelike gebruiken. Indien het nodig mocht zijn, onthaalt uw vrienden met thee of koffie, die beide in Holland uitstekend zijn. Weest niet beschaamd in deze zaken singulier te zijn…”

[10] From: Asceticism and the Spirit of Capitalism, quoted in Stackhouse, p. 248: “…in which the beyond meant everything, when the social position of the Christian discipline, and preaching, exercised an influence…which we modern men are entirely unable to picture.”

bestaan solank as wat daar amptenare, prostitute, soldate, dobbelaars en bedelaars was. Hulle soeke na rykdom is 'n naiewe vorm van kapitalisme waar wins nodig is vir kort-termyn behoefte vervulling. Moderne kapitalisme is egter iets anders. Moderne kapitalisme word deur 'n ander etiek onderlê. Dit is 'n etiek waar werk as betekenisvol ervaar word wanneer 'n mens op 'n gedissiplineerde en rassionele manier jou wins vergroot en jou verlies beperk.[11] Dit is presies hierdie rassionele ingesteldheid wat deur die protestantse vorm van asketisme aangehelp is. Dit beteken nie die asketisme het die soeke na rykdom as 'n direkte doel nagestreef nie. Inteendeel, vir askete is die strewe om rykdom as doel na te jaag afkeuringswaardig. Maar om rykdom te ontvang in die uitvoering van jou roeping kan as Gods' seën bestempel word. Christene moet gehoorsaam doen waartoe God hulle geroep het. Deur harde werk ervaar 'n mens bevestiging dat God jou geroep en uitverkies het.[12]

Die Murray's se lewenshouding toon inderdaad groot ooreenkoms met hierdie tipe askese waarna Weber verwys. Vir Murray (Jnr) is Sendingwerk die hoofdoel van die kerk.[13] Volgens hom is daar is nog miljoene heidene en Mohammedane buite die Christelike bearbeiding en dit is die taak van die kerk en individuele gelowiges om die Evangelie van Christus aan hierdie onbereikte siele te bring. Maar om die goeie boodskap te kan bring aan hierdie mense het 'n gelowige kennis van God nodig. Veral kennis van die liefde van Christus. Hierdie kennis kry 'n mens deur meer te leer in die Woord, deur die prediking en kategese, maar veral ook deur gebed. Gelowiges moet hulleself deur gebed oopstel vir die werking van die Heilige Gees.

---

[11] Vgl: "With regard to modern capitalism, we have to take the term 'modern' very seriously. Weber does not think that capitalism has anything new or distinctive to do with 'the impulse to acquisition, pursuit of gain, of money, of the greatest possible amount of money….Unlimited greed for gain is not in the least identical with capitalism (in the modern sense)… But capitalism is identical with the pursuit of profit, and forever renewed profit, by means of continuous, rational, capitalistic enterprise….What is 'modern' is an ethic that says that people find meaning in their work, in a disciplined, ongoing, and voluntary system of production that is distinct from home, race, or regime, dedicated to methodical economic activity and measured by carefully calculated balances of credits over debits" (Stackhouse p. 247).

[12] Vgl: "…asceticism looked upon the pursuit of wealth as an end in itself as highly reprehensible; but the attainment of it as a fruit of labour in a calling was a sign of God's blessing. And even more important: the religious valuation of restless, continuous, systematic work in a worldly calling, as the highest means to asceticism, and at the same time the surest and most evident proof of rebirth and genuine faith, must have been the most powerful conceivable lever for the expansion of that attitude towards life which we have here called the spirit of capitalism…(Stackhouse p. 251).

[13] Vgl: Versamelde Werke Dr Andrew Murray Deel VIII, 1944, Die Sendingvraagstuk, Die Christelike Studentevereningvan van SA, Stellenbosch, p. 228.

Die Murray's het dus 'n visie gehad vir 'n besigheid, maar 'n bepaalde tipe besigheid. Die besigheid was die uitbreiding van die kerk in Suid-Afrika deur ongeredde siele te bereik met die Evangelie en deur Gods koninkryk te vestig en uit te brei. Die kerk en die Christelike onderwys was hulpmiddels om hierdie roeping deur te voer. Joyce Murray verwoord op treffend wyse in die boekie Young Mrs Murray goes to Bloemfontein, hoe die kerk vir die Murray's byna soos 'n familie-besigheid was:

> To old Mr. Murray and his sons the Dutch Church had all the consuming interest of a Family Business. It demanded, and received, their entire devotion and loyalty; and this common interest strengthened the 'ties of affection and kingship' to the extent of gathering them into an almost charmed circle. When Mr. Murray, in 1852, was Moderator of the Synod, he was attended with great pride by three sons and two sons-in-law. They were all dressed of course, in sober black which was relieved only by the little white ministerial tie, but an imaginative outsider saw behind this something of a ghostly swing of the Kilt and heard the skirl of the bagpipes in attendance on the Chief of the Clan. He wrote an indignant letter to the Press, demanding that the number of members of one family in the Synod should be limited; six Murrays was too much of a good thing."[14]

'n Mens kry oor die algemeen met die lees van die briewe van die Murrays aan mekaar die sterk indruk van hulle ervaring dat God hulle uitverkies en geroep het om deel te neem aan die vestiging en uitbreiding van die kerk in die Suidelike Afrika.

6. Wins as doelstelling om ondernemings uit te brei

Daar is tot dusver op twee van die elemente van die gees van entrepreneurskap gewys naamlik, (i) die bereidheid om risiko te neem en (ii) die visie om 'n nuwe onderneming aan te pak. Die derde aspek wat genoem is in die definisie van entrepreneurskap is die doelstelling om wins te maak sodat die ondernemings kan uitbrei. Andrew Murrray (Jnr) het nie gehuiwer om hulpbronne te ontwikkel om sy roeping deur te voer nie. Sy roeping was om te arbei in Gods koninkryk en dit het veral behels om die kerk en die Christelike onderwys wat beide in diens van Gods sending staan, te ontwikkel.

---

[14] Young Mrs Murray goes to Bloemfontein. 1856-1860. Letters edited by Joyce Murray. A. A. Balkema. Cape Town. 1954, p. 97.

Daar is reeds aangetoon hoe belangrik onderwys in die Murray-familie geskiedenis was. Andrew (Jnr) het nog dieper onder die indruk gekom van hoe belangrik onderwys is tydens sy Bloemfontein-jare. Daar moes hy die binneland inreis en gedurende die besoeke moes hy letterlik honderde kinders doop. Deel van die taak was om doopgesprekke met die ouers van die dopelinge te voer, en soms was die kennis by die aanvang van hierdie gesprekke maar karrig. Dit het stelselmatig die indruk van die belang van goeie kategese en Christelike onderwys in die algemeen by Andrew versterk. Andrew se vrou Emma verwoord dit op haar tipies eerlike manier:

> "Education is our great theory of improvement with these people whose extreme ignorance is half the cause of their sin & misery, and perhaps the generation will show the fruits of our labour. To preach & talk to people who are incapable of thought is of little use, or whose thoughts are all stereotyped, received from father to son & held as a sacred inheritance."[15]

Teen hierdie agtergrond is dit verstaanbaar dat Andrew wou sorg dat daar meer onderwysers na Suid-Afrika toe kom. Hy was bereid om allerhande innoverende planne te maak om hierdie visie te laat realiseer. Tydens 'n besoek aan Burgersdorp om sy vrou, Emma, aan sy broer John bekend te stel, het hy aan John 'n idee voorgele oor hoe hulle die befondsing kan vind om onderwysers uit Skotland en Holland in te voer. Emma skryf oor hierdie besoek dievolgende:

> "My husband is so bold, he carries the day. John thought it doubtful if they should find 40 farmers willing each to lend them €10 for 3 years, to be paid back by instalments without interest & the loss to be divided, with only their names, Andrew's & John's for security. Andrew asks & gets from the first man who calls, never fear is his motto, I think. He never anticipates difficulties or refusals & stirs his brother up. He insisted on his brother acceding to this plan, talked him over & made him draw up the regulations before he went to bed that night. John, not so sanguine, he wanted time to digest, but with Andrew an idea suggests itself, approves itself to his judgement & then he never rests till it is carried out."[16]

---

[15] Young Mrs. Murray goes to Bloemfontein, p. 127.

[16] Young Mrs. Murray goes to Bloemfontein, pp. 45-46.

Geld is sonder aarseling deur Andrew (Jnr) ingesamel op verskillende maniere om gemeentewerk, sendingwerk en die Christelike onderwys te bevorder. Emma skryf in ‘n brief hoe sy gehelp het met die verkope van gesangeboekies en Bybels en daar word ook elders beskryf hoe die eerste Bazaar op 23 Februarie 1858 as fondsinsamelingsgeleentheid gehou is.[17]

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat Andrew Murray (Jnr) dus ook bereid was om wins te maak sodat die ondernemings waarin hy geglo het, kan uitbrei.

7. Gevolgtrekking

Al drie die eienskappe wat in hierdie besinning verbind word aan ‘n gees van entrepreneurskap kan by Andrew Murray (Jnr) waargeneem word, naamlik:

- Hy was bereid om risiko’s te loop
- Hy het ‘n visie gehad om nuwe ondernemings aan te pak, en
- Hy het doelbewus geld ingesamel om sy visie te bevorder

Die vraag is egter verder of die feit dat hy hierdie eienskappe het, hom ‘n entrepreneur maak?

Was Andrew Murray ‘n entrepreneur? Daar is reeds in die begin van hierdie beredenering aangetoon dat die vraag eintlik ‘n anachronisme is. Die vraag is egter nie net problematies omdat daar ‘n historiese gaping is tussen entrepreneurskap toe en nou nie. Die verwagting dat die vraag met ‘n “ja” of ‘n “nee” beantwoord moet word, is ook problematies. Dit is bietjie soos om te vra: is die reenboog swart of wit? Miskien moes ‘n mens uit die staanpoor die tematiese vraag anders gevra het. Dalk, iets soos, watter eienskappe van ‘n entrepreneur sien ‘n mens by Andrew Murray? eerder as, was Andrew Murray ‘n entrepreneur?

Andrew Murray het sekere eienskappe gehad wat ‘n mens moontlik by hedendaagse entrepreneurs sou aantref. Maar hy staan nie noodwendig spesifiek uit as entrepreneur tussen sy tydgenote nie. Dit was nie binne die

---

[17] Young Mrs. Murray goes to Bloemfontein, p. 68: I am always afraid of the 3 money boxes. There is no bank so Andrew always has so much money…I have the keys & often have to count out & count in to the boxes…People come to buy Hymn books Bibles or other books”, and p. 119: “The Bazaar was duly held on the 23rd of February (1858)… The encouraging of this first trial of the kind, has induced the conductors of the scheme to persevere, and it is said that another similar bazaar will hereafter [be] held.”

bestek van hierdie onderneming om Andrew Murray (Jnr) spesifiek met ander tydgenote te vergelyk nie. Maar ‘n mens sou sekerlik entrepreneurs-eienskappe by meeste van die Voortrekker pioniers wat hy as dominee bedien het, kon aantoon. Die Boere was ongetwyfeld bereid om risikos te loop om die binneland in te gaan; hulle het ‘n visie gehad om weg te kom uit die Kaap en ‘n nuwe lewe in die binneland te begin. En hulle wou wins maak om hulle boerderye uit te brei en nuwe gemeenskappe tot stand te bring. Trouens, vanuit ‘n seker perspektief op entrepreneurskap wat nie hier aan die orde gestel is nie, naamlik, om self-indiens-geneem te wees, sou ‘n mens kon aanvoer Andrew Murray (Jnr) was amper die enigste volwasse werkende persoon vanaf Bloemfontein verder Noord wat nie ‘n entrepreneur was nie! Want as dominee het die regering in die Kaap sy salaris betaal, terwyl die Boere hulle eie inkomste uit produksie moes maak.

Was Andrew Murray (Jnr) ‘n entrepreneur?

Tussen sy tydgenote was hy ‘n dominee, ‘n sendeling, ‘n pastor en skrywer wat diep onder die indruk was van sy roeping wat hy met die grootste erns aangepak het. Hy het sekere eienskappe gehad wat ooreenkoms toon met die einskappe wat mens by tipiese entrepreneurs waarneem. Maar sy onderneming verskil baie van hedendaagse entrepreneurs-ondernemings. Hy was dalk eerder ‘n sendeling in murg en been as ‘n entrepreneur.

Beteken dit vir ons iets om die vraag te kan antwoord, of Andrew Murray ‘n entrepreneur was? Miskien kan dit vir ons selfs meer beteken om die vraag om te draai. Kan ‘n entrepreneur vandag nog ‘n sendeling wees? Kan ‘n entrepreneur vandag nog iemand soos Andrew Murray wees?